

DIE
BELANGRIKSTE
BESLUIT

WAT JY OOIT
SAL NEEM

Wat dit beteken om Christus aan te neem

JOYCE MEYER

Unless otherwise indicated, all Scripture quotations are taken from
THE AMPLIFIED BIBLE: Old Testament.

Copyright © 1962, 1964 by Zondervan Publishing House
(used by permission); THE KING JAMES VERSION; and from
THE AMPLIFIED NEW TESTAMENT

Copyright © 1958 by the Lockman Foundation
(used by permission).

Copyright © 2014 by Joyce Meyer Ministries – South Africa

All rights reserved. No part of this publication may be
reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means,
or stored in a database or retrieval system, without the prior written
permission of Joyce Meyer Ministries – South Africa.

Joyce Meyer Ministries – South Africa
PO Box 5, Cape Town, 8000

Phone: +27 (0) 21 701 1056
Website: www.joycemeyer.org

Go to tv.joycemeyer.org to watch Joyce's messages in a
variety of languages

The Most Important Decision – Afrikaans
Not For Resale

Het jy 'n vriend nodig?

Het jy vergifnis van jou sonde nodig?

Het jy vrede nodig?

Het jy 'n toekoms nodig?

As jy op enige van hierdie vrae ja geantwoord het, lees asseblief verder ...

INHOUD



| | |
|---|--------|
| 1. Die Belangrikste Besluit Wat Jy Ooit sal Neem | 5 |
| 2. Het Jy Christus As Jou Redder Aangeneem? | 7 |
| 3. Wie Is Jesus? | 10 |
| 4. Wat Moet Jy Glo? | 23 |
| 5. 'n Nuwe Mens Met 'n Wonderlike Toekoms | 29 |
| 6. Ek Het Christus As My Redder Aangeneem. Wat Moet Ek Nou Doen? | 32 |
| 7. Is Daar Nog Iets Anders? | 36 |
| Het jy die regte besluit geneem? | 41 |
| Gebed van Verlossing | 42 |
| Oor Die Skrywer | 43 |

1



DIE BELANGRIKSTE BESLUIT WAT JY OOIT SAL NEEM

Ek wil graag met jou gesels oor 'n baie belangrike besluit. Om die waarheid te sê, dit is die belangrikste besluit waarvoor jy ooit te staan sal kom. Hierdie besluit is belangriker as jou keuse oor waar om skool te gaan, watter beroep jy moet kies, wie jy kies om mee te trou of waar jy besluit om te gaan woon. Hierdie besluit gaan oor die ewigheid. Dink goed hieroor na. Die ewigheid is 'n lang, lang tyd.

Baie mense is net besorg oor vandag of miskien oor 'n paar maande op die pad vorentoe. Op sy beste is party mense besorg oor hulle aftrede. Ek wil egter veel verder gaan. Ek wil met jou praat oor die lewe na die dood. Het jy enige voorsiening dáárvoor gemaak?

Het jy geweet dat jy nie net 'n liggaam van vlees en bene, bloed en spiere is nie? Jy is 'n geestelike wese met 'n siel en jy leef in 'n liggaam. As jy sterf, soos dit met ons almal vroeër of later gebeur, sal jou fisiese liggaam in 'n graf geplaas word. Dit sal vergaan en in stof en as verander. Maar wat gebeur met die ware jy - die innerlike jy, jou persoonlikheid, jou denke, wil en emosies?

Dink aan die geestelike deel van jouself as dié deel van jou wat nie met die menslike oog gesien kan word nie. Hierdie deel van jou sal vir ewig leef. En wáár die geestelike jy sal leef, gaan afhang van die

besluit wat jy neem terwyl jy hierdie boek lees.

Daar is twee groot kragte in hierdie wêreld: goed en sleg, reg en verkeerd. Ons ken hierdie waarheid selfs sonder dat dit ooit aan ons vertel word. Daar is ook twee magte in die geestelike wêreld: God en die duiwel; goeie engele wat deur God geskep is om in sy diens te staan en slegte engele wat demone genoem word.

Hierdie slegte engele was vroeër goeie engele wat gekies het om teen God te rebelleer. Lucifer, 'n aartsengel (ook bekend as Beëlsebul, Satan of die duiwel) het hierdie engele gelei om te rebelleer en toe het God hulle uit die hemel gewerp.

God en die goeie engele woon in die hemel. Die blyplek van Satan en die slegte engele is die hel.

Tussen die hemel en die hel is die aarde en die atmosfeer bokant die aarde. Goeie en slegte engele patrolleer die aarde gedurig. Satan beweeg ook gedurig rond “op soek na iemand om te verslind.” Dit vertel die Bybel ons in 1 Petrus 5:8. Die Heilige Gees van God (God se eie Gees) woon ook op die aarde sowel as in die hemele, en die taak wat God Hom gegee het, is om God se mense (hulle wat gekies het om God te dien) te verseël, te bewaar, te beveilig en beskerm. Dit is ook die werk van die Heilige Gees om mense wat nog nie vir God en sy manier van lewe gekies het nie, te oortuig en vir die Here te wen.

Het jy reeds jou keuse gemaak? Dis jou eie keuse. Niemand anders kan namens jou kies nie. God het jou geskep met 'n vrye wil en Hy sal jou nie dwing om Hom te kies nie. Hy het nie die engele gedwing om gehoorsaam te wees nie. Party van hulle het gerebelleer, maar onthou, *verkeerde keuses bring hulle eie straf mee!*

2



HET JY CHRISTUS AS JOU REDDER AANGENEEM?

Is jy weer gebore (opnuut gebore van bo)? Wat sê die Bybel hieroor? In Johannes 3:3 het Jesus gesê:

“Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”

Nikodemus, die man met wie Jesus gepraat het, het gevra: “Hoe kan ’n mens gebore word as hy al ’n ou man is? Hy kan tog nie ’n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” (Johannes 3:4). Miskien dink jy net soos Nikodemus. Hoe kan ’n mens gebore word as hy alreeds gebore is? Jesus het van ’n geestelike geboorte gepraat. In die vorige hoofstuk het ek gesê jy is ’n gees met ’n siel en jy woon in ’n liggaam. Ons liggame is reeds gebore, maar die Bybel sê vir ons dat ons gees en ons siel dood en donker is as gevolg van sonde.




Diagram: Die drie dele van ’n mens

Jy kan nou na jousef in die spieël gaan kyk en jy kan jou kop, arms en bene geweeg. Jy is besig om asem te haal. Jy kan sê jy leef. Maar is die werklike jy wel lewendig? Is jy lewend en vol lig binne-in jousef? Het jy vrede? Het jy vrede met jousef? Hou jy van jousef? Ervaar jy vreugde en hoop in jou gemoed? Is jy bang om dood te gaan? Dis alles vrae wat jy jousef behoort te vra. Jy kan met jou mond glimlag en tog nie werklik innerlik glimlag nie.

Toe Jesus gesê het die mens moet weer gebore word, het Hy bedoel dat die innerlike mens lewendig moet word in sy verhouding met God. Johannes 3:6 sê: “Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”

Wanneer moeders geboorte gee aan babas, is hulle mens, gebore uit die mens. Wanneer God se Heilige Gees in jou menslike gees inkom, is jy gees wat uit die Gees gebore is. Dit is waarna verwys word as die nuwe geboorte. Die Heilige Gees kom slegs op één manier in jou gees in. Jy kan slegs op één manier weer gebore word. Net soos fisiese geboorte slegs op een manier kan plaasvind, so is dit ook met geestelike geboorte.

Jy kan net so min ’n nuwe geestelike lewe aan jousef gee as wat jy jousef liggaamlik gebore kan laat word, behalwe deur die natuurlike geboorteproses. ’n Natuurlike fisiese proses moet plaasvind voordat ’n baba ontstaan en ’n bo-natuurlike (geestelike) proses moet plaasvind voordat jou gees nuut gebore kan word.

Wat is hierdie proses? As jy vandag besluit dat jy opnuut gebore wil word (Jesus Christus as jou Redder wil aanneem), wat moet jy doen? Eerstens, besef en erken dat jy geestelik dood is as gevolg van die sonde in jou lewe. Romeine 3:23 sê: “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie.” Geen mens is sonder sonde nie! Moenie bang wees om te erken dat jy ’n sondaar is nie.

1 Johannes 1:8 sê: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.”

Vers 9 sê: *“Maar as ons ons sondes bely Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.”*

Geliefde, dit is goeie nuus. Geen wonder die evangelie word die goeie nuus genoem nie. Ons sien dus stap 1 om Christus aan te neem, is om te erken dat jy ’n sondaar is. Dit beteken dat jy die waarheid omtrent jouself in die oë moet kyk. Dit is moeilik om die waarheid onder oë te sien. Dit maak seer om jou eie foute te erken. Satan wil hê dat jy jouself moet bly bedrieg. God wil hê dat jy die waarheid vierkant in die oë moet kyk.

Stap 2 is om jou sondes te bely. Om te bely, beteken om dit by die naam te noem. As jy met jou mond die dinge sê wat jy verkeerd gedoen het en waarvan jy bevry wil word, het dit ’n reinigende effek op ’n mens. Daardie dinge is vasgevang in jou binneste en dis juis hierdie dinge - die herinneringe daaraan, die besef dat hulle verkeerd is - wat jou binneste met donkerte vul.

Bely hierdie dinge teenoor jou hemelse Vader. Dit is God se manier om jou daarvan te verlos. Jy raak ontslae van die las deur belydenis, en Hy vervang die sonde met vergifnis. Hy reining jou van die sonde. Dit is soos om van binne skoon gewas te word.

Ek is opnuut gebore (ek het Jesus Christus as my Redder aangeneem) toe ek nege jaar oud was en ek kan baie duidelik onthou hoe ek gevoel het asof ek van binne skoon geskrop was. Ek het skoon, lig en vars gevoel in my binneste. Geliefde, jy kan in die bad of stortbad jou liggaam skoon was. Jy kan jou buitekant skoon skrop, maar net Jesus kan jou van binne skoonmaak.

3



WIE IS JESUS?

Ek het die naam Jesus reeds verskeie kere genoem, maar ek het jou nog nie van Hom vertel nie. Dit is baie belangrik dat ek jou van Jesus vertel, want dit is onmoontlik vir jou om sake met God reg te stel as jy nie vir Jesus ken nie. Dit is onmoontlik om Jesus Christus as jou Redder aan te neem as jy Hom nie ken nie.

Ek het aan die begin gesê dat jy 'n baie belangrike besluit moet neem. Daardie besluit hang geheel en al daarvan af of jy verstaan wie Jesus is en begryp wat Hy vir jou gedoen het. Daarna moet jy eenvoudig besluit of jy dit glo en dit aanneem, en of jy kies om in die duisternis voort te leef soos jy dit nou doen omdat jy Christus nie as jou Redder aangeneem het nie.

Ek gaan jou nou iets vertel wat vir jou verstand nie juis sin gaan maak nie, maar jou hart sal dit graag wil glo. Maak jou dus gereed om 'n wonderlike, waar storie te hoor wat jou lewe vir altyd kan verander.

Die Bybel sê in Genesis 1 en 2 dat God in die begin die eerste mens geskep het en hom Adam genoem het. God het sy liggaam uit die stof van die aarde geskep en sy eie lewe en Gees in hom geblaas het sodat Adam 'n lewende wese geword het. Met ander woorde, Adam het van binne lewend geword toe God in deel van Homself in hom geblaas het. God se asem is binne-in die mens geplaas en die mens het lewend geword. Hy was gevul met God se lewe.

God het hom Adam genoem. Die Bybel sê Adam is geskep as beeld van God (Genesis 1:27). Hy het eienskappe gehad wat soos dié van God was. Hy het God se asem in hom gehad. Hy was heilig en goed soos God self. Daar was hoegenaamd geen boosheid in Adam nie. Hy en God kon gemeenskap met mekaar hê, want Adam is as beeld van God geskep.

Die Bybel sê lig kan nie gemeenskap met die duisternis hê nie. God en Adam was albei lig, dus kon hulle met mekaar gemeenskap hê. Adam was gemaklik in God se teenwoordigheid.

Is jy gemaklik in God se teenwoordigheid?

Adam is ook geskep met die vryheid om te kan kies (die geleentheid om sy vrye wil uit te oefen). God het hom vertel wat reg is, maar hom ook die vermoë gegee om self te kies. Adam was van nature goed, maar om goed te bly, moes hy voortdurend God en God se weë kies.

God het besef dat Adam 'n helper, 'n maat nodig het. Hy het Adam dus diep laat slaap en een van sy ribbes geneem en toe die plek opgevol (Genesis 2:21-22). Die ribbebeene wat God uit Adam se sy geneem het, het Hy omgebou tot 'n vrou wat vir Adam 'n helper en metgesel was. Let daarop dat die vrou nie uit Adam se voete gevorm is nie, sodat hy nie op haar sou trap nie. Sy is nie uit sy kop gevorm nie sodat sy nie bo hom sou staan nie, maar sy is uit sy sy geneem sodat sy as venoot langs hom, aan sy sy sou staan.

Hier het ons nou twee mense gehad wat op die aarde in 'n paradys woon, 'n pragtige tuin wat God net vir hulle geskep het. Dit is baie duidelik dat God wou hê dat hulle die lewe sou geniet.

Geniet jy die lewe?

Daar was ook 'n ander skepsel op die aarde, 'n onaangename een, Satan, wat reeds vroeër van God se oorspronklike plan vir hom afgewyk het. Hy is geskep as die aartsengel van lofprysing en aanbidding, maar hy het tot 'n val gekom as gevolg van opstand teen

God, omdat hy méér wou hê as wat God aan hom toegesê het. Hy wou in beheer wees en nie onder God se leierskap staan nie.

Satan het gesê dat hy sy eie troon bo dié van God sou verhef en God het hom en die ander engele wat saam met hom gerebelleer het, uit die hemel gegooi. Die hel is vir hulle geskep, maar Satan en 'n menigte ander demoniese geeste het vir 'n tyd nog toegang tot die aarde se atmosfeer gehad.

Daar is 'n tyd in God se plan bepaal wanneer hulle almal vir ewig en altyd in die hel gevange gehou sal word, maar op die oomblik laat God nog toe dat die duiwel (Satan, Lusifer) toegang tot die aarde het, omdat mans en vroue nog besig is om te kies wie hulle wil dien. Sodat ons 'n keuse kan hê, moet daar vir ons meer as een moontlikheid wees.

God bied aan: lewe, lig, vreugde, geloof, vrede, geregtigheid, hoop en alle goeie dinge. Satan bied aan: die dood, duisternis, wanhoop, depressie, verslaendheid, verskrikking, vrees en alles wat sleg is.

Terwyl ek hierdie woorde skryf, kom die gedagte by my op: *Waarom sou enigiemand Satan en sy manier van doen kies?* Tog doen 'n menigte mense juis dit. Baie mense word bedrieg. Hulle kies die verkeerde pad omdat hulle nie die nodige kennis het nie. Hosea 4:6 (1953-vertaling) sê: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis.” Miskien het jy tot nou toe nie genoeg kennis gehad om 'n goeie keuse te maak nie. Ek wil hiermee die waarheid beskikbaar stel met die hoop dat baie duisende mense die regte keuse sal maak.

Laat ons voortgaan met ons verhaal. Adam en Eva (soos Adam die vrou genoem het) was besig om die lewe in die tuin te geniet. God het hulle laat heers oor die aarde. Hy het vir hulle gesê wat hul mag doen en nie mag doen nie: onthou, hulle het die vryheid gehad om te kies. God het vir hulle gesê wat Hy wou hê dat hulle moes doen, hoe hulle lewens geseënd kon wees, maar Hy het hulle nie *gedwing* om bepaalde dinge te doen nie.

God het baie vrugtebome in die tuin geplaas en hiervan kon hulle vryelik eet, maar Hy het vir hulle gesê hulle mag die vrugte van een bepaalde boom nie eet nie. Dit was die boom van die kennis van goed en kwaad (Genesis 2:17). Jy mag wonder waarom God selfs die een boom waarvan Hy vir hulle gesê het dat hulle die vrugte nie mag eet nie, daar geplaas het. Onthou, om 'n keuse te hê moet daar meer as een moontlikheid wees. As hulle sou kies om God gehoorsaam te wees, moes daar ook iets wees wat hulle kon kies om ongehoorsaam te wees.

God wou hulle liefde en gehoorsaamheid hê. Gehoorsaamheid is inderdaad 'n vrug van die liefde. God wou hulle gehoorsaamheid hê, maar dit het vir Hom niks beteken as Adam en Eva se gehoorsaamheid nie 'n daad van hulle vrye wil was nie. Dit moes 'n gevolg van hulle eie keuse wees.

Sou jy opgewonde en geseënd voel as ander mense jou liefhet omdat jy hulle daartoe gedwing het en hulle geen ander keuse gegee het nie? God het die mens geskep met die vryheid om te mag kies en Hy het vir hom 'n paar baie belangrike keuses toegelaat. Jy is vandag nog in dieselfde situasie. Jou vryheid om te kies gee vir jou die geleentheid om baie belangrike besluite te neem.

Om ons verhaal te vervat: Adam en Eva het die lewe geniet. Hulle het God, die tuin, die lekker vrugte, mekaar en al die ander dinge wat God gemaak het, geniet. Genesis 3 vertel vir ons dat Satan aan Eva verskyn het in die vorm van 'n slang. Sy was nie bang vir die slang soos ek en jy miskien vandag mag wees nie. Die slang was nie 'n slegte dier nie. Satan het die vorm van 'n slang gebruik om aan haar te verskyn.

Deur die slang het hy begin om allerhande vrae aan Eva te stel sodat sy daarvoor begin wonder en redeneer het (redenasies soos dié waarna 2 Korintiërs 10:4-5 verwys, “redenasies ... wat teen die kennis van God gerig word”). Sy het begin wonder waarom God hulle beveel het om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. Eintlik

wou God nie hê dat hulle ooit enigiets sou weet van die kwaad nie. Maar onthou, hulle moes 'n keuse gebied word.

God het vir Adam gesê dat as hy van die boom van die kennis van wat goed en kwaad is, sou eet, hy *sekerlik sou sterf* (Genesis 2:17). Hy het bedoel dat hulle innerlik sou sterf, nie uiterlik nie, nie hulle fisiese liggame nie. Hy het bedoel dat hulle innerlike lewe sou sterf. Die lig sou doodgaan en hulle sou in die donker wees.

Onlangs het 'n man wat 'n vreeslike sondige lewe gelei het 'n operasie ondergaan. Hy het gedink dat hy moontlik sou sterf en hy wou sake met God regmaak. Terwyl ek en Dave met hom gesels het, het hy gesê: “Ek voel dood van binne.”

Dink hieroor na. Hy wou Christus aanneem omdat hy bang was dat hy sou sterf (fisies doodgaan) op die operasietafel, maar in werklikheid was hy sy hele lewe lank van binne dood en het hy met sy eie mond so gesê.

Is jy lewend of dood?

Die slang het vir Eva gelieg. Hy het gesê: “Julle sal gewis nie sterf nie” (Genesis 3:4). Wat hy gesê het, was die teenoorgestelde van wat God gesê het, dus was dit 'n leuen. God se Woord is waarheid. En sommer hier aan die begin kan jy Satan se ware natuur sien. Hy is presies die teenoorgestelde van alles wat God is. God wil vir jou alles wat goed is, gee. Satan wil jou vernietig. Hy bewerkstellig dit vandag deur misleiding, net soos hy dit met Eva gedoen het.

Hy het aangehou om vir haar te lieg en om vir haar allerlei vroe te stel. Uiteindelik het sy die duiwel se raad gevolg en ook haar man oortuig om dieselfde te doen. Hulle was albei ongehoorsaam aan God deurdat hulle die vrugte wat God hulle verbied het om te eet, wel geëet het. Die gevolg was presies soos God gesê het: hulle het geestelik gesterf.

Die volgende keer toe God na die tuin gekom het om Adam en Eva te

besoek, het hulle vir Hom weggekruip, want hulle was bang.

Kruip jy vir God weg omdat jy bang is?

Die wegkruipery het hulle niks gehelp nie. God het geweet dat hulle sonde gedoen het. Hulle het Satan se leuens geglo. Hulle het toegegee aan die versoeking en het nou die vrug van hulle keuse gesmaak. Vrees is die vrug, of die gevolg, van sonde.

Jy mag die vrugte van jou keuse pluk. Maar onthou, party daarvan mag 'n bitter smaak in jou mond laat!

God het met hulle begin handel met die oog op hulle sonde, maar Hy het ook 'n plan gehad vir hulle bevryding en verlossing uit die gemors waarin hulle hulself beland het. In Genesis 3:15 het God vir die slang gesê dat die nageslag (saad) van die vrou sy kop sou vermorsel en dat hy (Satan) haar nageslag in die hakskeen sou byt.

God het hier van Jesus, sy eniggebore Seun, wat toe reeds daar was, gepraat. God is 'n drie-enige God. Ons verwys na Hom as die Drie-eenheid - een God in drie persone - Vader, Seun en Heilige Gees. Elkeen van die heilige Persone van God speel 'n belangrike rol in jou lewe.

Jesus het reeds in die gees bestaan, maar om die mens uit sy gemors te red, sou dit uiteindelik nodig wees dat Jesus na die aarde sou kom. Dit was noodsaaklik dat Hy 'n menslike liggaam sou aanneem, 'n liggaam soos joune en myne. Hy moes Homself verneder en verlaag om 'n mens te word. Onthou, Jesus is volkome God, die Seun van God. Met ander woorde, die volkome God van die volkome God. Hy was bepaald en is nog netso beslis God.

God het 'n plan gehad, maar dit sou nie tot uitvoer gebring word totdat presies die regte tyd in God se alles-omvattende plan aangebreek het nie. Efesiërs 3:10 openbaar die doel van God, naamlik dat deur die kerk¹ God se wysheid bekend gemaak moes word aan die regeerders en magte wat beteken die demoniese geeste en hulle regeerder, Satan,

wat teen God gerebelleer het.

Om dit eenvoudig te stel, ons is in 'n oorlog gewikkel - 'n oorlog tussen Satan en God! Dit is reeds vooruit bepaal soos dit nog altyd bepaal was wie die oorlog wen. God seëvier. Die oorwinningsfees is reeds beplan.

Aan wie se kant veg jy?

As jy besig om Satan te dien en sy leuens glo, werk jy vir 'n verloorder. God se span is die wenspan.

In elk geval, dít is God se plan: Hy sal sy mense gebruik - mense wat Hom vrywillig liefhet, gehoorsaam en dien - en Satan sal verslaan word.

Jy mag wonder waarom God toegelaat het dat die mens deel sou hê aan hierdie oorlog. Onthou, Satan het God se man in die tuin verslaan en van hom gesteel dit wat God vir hom wou gee. Eintlik het die mens, omdat hy bedrieg is, dit aan die duiwel present gegee.

Wat God besig is om te doen - en nog altyd gedoen het sedert die tyd van die tuin van Eden en sal aanhou doen totdat alles voltooi is - is dit: Hy is besig om die mens toe te rus met die vermoë om wat Satan van hom gesteel het, terug te wen.

Jesus is die sleutel tot die hele plan.

Laat my toe om ons storie uit Genesis 3 verder te vertel. Hierin het God aan die slang gesê dat sy kop uiteindelik vermorsel sou word (sy gesag vernietig sou word). God het vooruit aangekondig wat sou gebeur, en as God iets sê, gebeur dit uiteindelik.

(1) Die Kerk is nie 'n gebou nie. Dit bestaan uit alle weer gebore gelowiges wat ooit geleef het.

Voor dit egter gebeur het, het tweeduisend jaar verbygegaan terwyl die mense vermenigvuldig het op die aarde. Sonde en moeilikhede het ook vermenigvuldig. Waar sonde floreer, floreer moeilikhede ook.

Die mens was onheilig, sondig en nie meer in die regte verhouding met God nie. Die sondige natuur het in die mens se liggaam gewoon. Hy was van nature vol sonde. Met ander woorde, vir hom was dit 'n natuurlike ding om sonde te doen. Hy het nie nodig gehad om te probeer sondig nie; dit het sommer vanself gebeur. Om die waarheid te sê, hy kon homself nie keer nie.

Elke keer wanneer kinders gebore word, is 'n sondige natuur deel van hulle menswees. Kinders kan nie aanspreeklik gehou word vir sonde voordat hulle die ouderom van toerekenbaarheid bereik het nie, en dit is nie op 'n spesifieke ouderdom nie. Hierdie punt word bereik wanneer hulle bewus word daarvan dat hulle dade in werklikheid sonde teen God is en hulle in staat is om God te kies of Hom te verwerp.

Ek het 'n sondige natuur; jy het dit ook; elke mens het een. Ons ontvang dit reeds met ons geboorte. Ons moet egter rekenskap teenoor God gee wanneer ons bewus word van ons sonde.

Die Wet

God het sy mense baie lief en hy het 'n tydelike plan in werking gestel, 'n plan wat voldoende sou wees vir hulle wat Hom liefgehad en Hom en sy weë gekies het - 'n plan wat Hom in staat sou stel om weer gemeenskap met sy mense te beoefen. Jy sien, toe sonde in die wêreld gekom het en die mens geestelik gesterf het, kon die mens nie meer volkome gemeenskap met God hê nie. God is 'n geestelike wese en ons moet in ons gees met Hom gemeenskap hê.

God is lig. Die mens was vol duisternis, dus was die gemeenskap, die een-wees, die een-heid en die verhouding tussen God en die mens verbreek. Die Bybel sê daar het 'n breuk bestaan tussen God en die mens - 'n breuk in hulle verenigbaarheid. 'n Mens kan maar sê 'n

muur het tussen hulle ontstaan - 'n muur van sonde.

God het die Wet daargestel, 'n stelsel van gekrewe reëls en regulasies waarvolgens die mens moes lewe as hy heilig genoeg, sondeloos genoeg, wou wees om God se vriend te wees. Die Wet was volmaak en heilig, regverdig en goed. Dit het baie duidelik bepaal wat die mens moes doen om heilig te wees.

Voordat Adam gesondig het, het hy instinktief geweet wat God wou hê of nie wou hê nie. Hulle was een in die Gees, een van hart, een in hulle doelstellings. Nadat die mens gesondig het, was hy nie meer sensitief vir God se wil nie. Hy was verhard deur die sonde en die gevolge van die sonde. Hy het nie meer God se hart en weë geken nie - nou moes daardie dinge vir hom as die Wet neergeskryf word.

Die mens kon nie meer God se wil uit sy hart en uit sy gees nakom nie. Hy moes probeer om God tevrede te stel deur sy natuurlike vermoëns. Die mens was egter nie in staat om die hele Wet volkome na te kom nie, want hy was nie meer volmaak nie en sou dit nooit weer wees so lank hy op die aarde leef nie.

God se Wet het gesê as jy die Wet in een opsig oortree, is jy skuldig aan die hele Wet (Jakobus 2:10). Die Wet was volmaak en om alles te kon onderhou, moes die mens ook volmaak wees.

Offerandes

Omdat die mens die Wet gehad het, maar dit nooit volkome kon onderhou nie al het hy ook hóé hard probeer, het God 'n stelsel van offerandes ingestel waarvolgens die mens kon boete doen vir sy mislukkings. Dit was offerandes van bloed. Daar moes bloed vergiet word. Dit mag miskien vir jou onaantoonbaar klink, maar die redes vir die proses maak dit verstaanbaar. Toe God die asem van die lewe in Adam geblaas het, het hy 'n lewende siel geword en was sy bloed gevul met lewe. Sy bloed het deur sy liggaam begin vloei. Die Bybel sê dat “bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is.” (Levitikus 17:11). Jy weet dit is die waarheid. Niemand kan lewe

sonder bloed nie. As jy die bloedsomloop stop, stop jy alle lewe.

Toe Satan vir Adam en Eva verlei het en hulle gekies het om te sondig, het die sonde die dood gebring (Romeine 5:12) en saam daarmee alles wat die dood inhou: kwale, siektes, armoede, oorlog, woede, gierigheid en jaloesie. *Die enigste iets wat sterk genoeg is om die dood te oorwin, is lewe.*

Toe die mens die Wet verbreek en sonde gedoen het, was dit 'n soort dood. Die enigste versoening vir die sonde was 'n offerande van bloed want die lewe is in die bloed (Levitikus 17:11).

Nog 'n rede waarom God dit so voorgeskryf het, was om die goeie plan wat Hy vir die mens in gedagte gehad het en op sy volmaakte tyd in werking sou stel, te illustreer. Die profete het die koms van 'n Messias, 'n Verlosser, 'n Saligmaker, een wat hulle sou verlos, voorspel. God was besig om hierdie boodskap uit te stuur. Onthou, as God iets sê, vroeër of later doen Hy dit altyd.

Die Messias sou die mens se offerande word, die finale offerande, die volmaakte offerande. Hy sou die vleklose Lam van God wees. Die mens sou nie meer lammers wat sonder gebrek is op die altaar in die tempel hoef te offer as offerande vir sy sonde nie. Jesus sou kom en sy offerande sou die stelsel van die Wet onnodig maak.

Laat my net een van daardie profesieë aanhaal:

Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.

Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het

daar vir ons genesing gekom.

Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

Jesaja 53:3-7

Die profesieë is uitgespreek. Die mense het vir hulle Messias, hulle Verlosser en Redder gewag. Ek glo nie hulle het selfs werklik verstaan waarvoor hulle gewag het nie.

Hulle het nie verstaan nie dat Hy hulle sou vrymaak van die Wet en van die goeie werke waarmee hulle besig was om God te probeer tevrede stel deur 'n volmaaktheid wat vir hulle onmoontlik was. Hulle het nie verstaan dat Hy, Jesus, die Messias, Redder van die hele wêreld, sy eie bloed aan 'n kruis sou stort, sy bloed sou laat vloei, sy lewe sou neerlê om alle sonde van elke geslag weg te neem nie.² Hulle het wel gewag, maar kon nie verstaan wat sou gebeur nie.

Jesus Kom

God se tyd het aangebreek. Die Heilige Gees het aan 'n jong vrou met die naam Maria verskyn. Sy het swanger geword deur die wonderwerkende krag van God - swanger met Jesus, die Seun van God. Dit móés op hierdie manier gebeur.

Jesus was reeds in die gees in die hemel en was van altyd af daar. Hy was van die begin af by God, maar nou sou hy waarlik in die vlees mens word sodat Hy alle ander mense kon help. Hulle was vasgevang in 'n gemors waaruit hulle nie kon ontsnap sonder 'n Redder nie.

Johannes 1:1,14 sê dat Jesus die Woord van God is en dat die Woord van God mens geword en onder ons kom woon het. Hebreërs 4:15

sê Jesus is 'n Hoëpriester wat ons swakhede en mislukkings verstaan omdat Hy 'n vleeslike liggaam gehad het, en “in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp (is), maar Hy het nie gesondig nie.” Geliefde, dit is die groot verskil.

Jesus is geheel en al één met die Vader. Hy is een met Hom, soos Adam was voordat hy gesondig het. Die Bybel noem Hom “die tweede Adam” (vgl. 1 Korintiërs 15:45,47). Romeine 5:12-21 sê as een man (Adam) se sonde alle mense laat sondig het, hoeveel te meer kan een Man (Jesus) se gehoorsaamheid lei tot vrysprak en lewe vir almal.

Adam se sondige natuur is op jou oorgedra van geslag tot geslag. Nou, *as jy dit net wil glo*, wag die tweede Adam, Jesus, om vir jou sy regverdigheid te gee. Adam was 'n mens vol van God, vol van God se lewe. Hy het gesondig en die mens is met duisternis gevul. Die lig in hom het doodgegaan.

Is jy vol duisternis of lig?

Jesus was ook 'n mens, uit 'n vrou gebore, maar Hy was vol van God. Adam het gesondig, Jesus het nooit gesondig nie; Hy was die volmaakte offerande vir ons sonde.

Gelowiges uit die Ou Testament moes voortdurend offerandes bring vir hulle sondes, maar die skuld was altyd daar.

Voel jy skuldig of vry? Vuil of skoon?

Jesus het die sondelose Offerlam van God geword wat die sonde van die wêreld weggeneem het. Hebreërs 10:11-14 sê:

Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie.

(2) Onthou dat die lewe in die bloed is (Levitikus 17:11).

Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.

Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is.

Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.

In die Ou Testament het priesters die offerandes gebring namens die mense. Hulle moes dit oor en oor doen, gedurig, altyd aan die werk, altyd besig om goed te probeer doen, altyd besig om te misluk terwyl hulle nooit (innerlik) goed gevoel het oor hulleself nie, altyd besig om te probeer goed wees sodat hulle goed kon voel.

Maar die boek Hebreërs wys vir ons daarop dat Jesus Homself eens en vir altyd geoffer het vir almal, die volmaakte offerande. Hy het die hele wet onderhou, sy oorwinning is beskikbaar vir almal wat glo.

4



WAT MOET JY GLO?

Glo dat Jesus werklik gedoen het wat die Bybel sê. Glo dat Hy waarlik die Seun van God, gebore uit 'n maagd, is. Hy het die mens se sonde op homself geneem. Hy het ons offerande geword en aan die kruis gesterf. Hy het nie dood gebly nie. Hy was drie dae lank in die graf. Gedurende daardie tyd het Hy die hel binnegegaan en Satan oorwin.

Dit alles het Hy vrywillig gedoen omdat Hy sy Vader (God) liefgehad het en omdat God en Jesus jou en my so liefgehad het dat geen plan te veeleisend was nie. Wat ook al nodig was om God se mense terug te bring, weer vry te maak, dit was Hulle bereid om te doen. Jesus het vir ons sondes aan die kruis betaal. Hy het gesterf en is begrawe. Toe, soos God belowe het, het Hy op die derde dag uit die dood opgestaan.

Wat het aan die kruis gebeur?

Toe Jesus aan die kruis gehang het, het Hy ons sonde op Homself geneem. God kan nie in die teenwoordigheid van sonde bly nie. Toe Jesus ons sondes op Homself geneem het, is Hy geskei van die gemeenskap met die Vader (Matteus 27:46)

Terwyl Jesus jou sonde en dié van alle mense op Homself geneem het, het Hy die afwesigheid van sy Vader se teenwoordigheid ervaar en gesê: “My God, my God, waarom het U my verlaat?” (Matteus 27:46).

Jesus het vooruit geweet dat dit sou gebeur, maar die verskrikking daarvan dat hy geskei was van die heerlike teenwoordigheid van die Vader was erger as wat Hy hom kon voorstel en dit het veroorsaak dat Hy uitgeroep het. Daarna het Hy sy gees aan die Vader oorgegee en gesterf.

Jy kan nie in die hemel kom tensy jy met jou hele hart glo dat Jesus *jou plaasvervanger* geword het en al die straf wat jy verdien, gedra het nie. Hy het al jou sondes op Hom geneem. Hy het jou skuld betaal.

Hy het dit vir jou gedoen omdat hy jou liefhet. Johannes 3:16 sê:

“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.”

Jesus het vir jou gesterf. Hy het vir jou sondes betaal. God het sy woord teenoor Jesus gehou. God het gedoen wat Hy Jesus beloof het. Hy het Hom uit die dood opgewek.

Gedurende die drie dae wat sy liggaam in die graf gelê het, het Hy neergedaal in die hel en op die derde dag het hy as oorwinnaar uit die dood opgestaan (Handelinge 2:27, 31).

Wat is daar nog wat jy moet glo?

Glo dat Hy dit vir jôu gedoen het

Glo dit met jou hele hart. Jou verstand sal nie begryp wat ek vir jou vertel nie, maar glo dit met jou hart. Luister na jou gees.

Romeine 10:9 sê: “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.”

Op hierdie stadium, as jy besluit het dat jy glo wat ek besig is om vir jou te vertel en jy wil Jesus as jou Redder ontvang, moet jy sê: “Ek

glo dat Jesus die Seun van God is. Ek glo dat Hy vir my gesterf het. Ek glo dat God Hom uit die dood opgewek het.”

Romeine 10:10 sê: “Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek....” Die woord “vrygespreek” beteken ons word verander *asof ons nooit gesondig het nie*; dit beteken ons is skoongemaak, dat alles reggemaak is tussen ons en God. Dis net wanneer jy glo in Jesus en in alles wat Hy vir jou gedoen het, dat jy vrygespreek sal word.

Geen hoeveelheid goeie werke sal jou ooit vryspreek voor God nie. Die feit dat jy kerk toe gaan, sal jou nie vryspreek nie. Jy moet deur die geloof regverdig gemaak word; daarna sal goeie werke, soos om kerk toe te gaan, volg as teken daarvan dat jou hart verander het. Jou hart moet éérs verander. Jy moet met jou hart, jou innerlike mens, glo.

Romeine 10:10 sê verder: “...met die mond bely ons, en ons word gered.” Jy moet dus met jou mond bevestig³ dat jy glo. Deur te sê wat jy glo, bevestig jy dus jou redding. Dis amper soos iets wat jy met ’n hamer vasslaan.

Opsomming

Om opnuut gebore te word (Johannes 3:3) of gered te word, moet jy glo:

- God bestaan (Genesis 1:1; Hebreërs 11:6)
- Jesus is die Seun van God, uit ’n maagd gebore, gebore as mens van vlees en bloed (Matteus 1:18, 23).
- Jesus is God, een deel van die Drie-eenheid, een deel van die drie-enige God (Kolossense 2:9; Hebreërs 1:5-8).

(3) W.E. Vine, *An Expository Dictionary of New Testament Words* (Old Tappan, N.J.: Fleming H. Revell Company, 1940, 226).

- Hy het na die aarde toe gekom in 'n vleeslike liggaam sodat Hy die mens kon help (Johannes 1:1,14; Lukas 4:18-21).
- Hy het aan die kruis al jou sondes op Homself geneem en hulle in sy eie liggaam gedra (Jesaja 53:4-5; 2 Korintiërs 5:21).
- Hy het vir jou sondes gesterf (Hebreërs 2:9).
- God het Hom uit die dood opgewek (Lukas 24:1-7; Handeling 2:32).
- Hy sit nou aan die regterhand van die Vader in die hemel (Hebreërs 10:12).
- Hy red elkeen wat glo (Romeine 10:13; Johannes 1:12).
- Hy sal in jou menslike gees kom woon deur die krag en teenwoordigheid van die Heilige Gees en jou lewendig vir God maak (Romeine 8:14-16).

*Dit is wat dit beteken om Jesus Christus
as jou Redder aan te neem*

As jy hierdie dinge glo, dan kan jy:

- Voortgaan deur te erken dat jy 'n sondaar is wat 'n Redder nodig het (Romeine 3:23-24).
- Jou sondes teenoor God bely (1 Johannes 1:9).
- Berouvol wees - gewillig om weg te draai van jou sondes af en om 'n nuwe lewe vir God te leef (Handeling 3:19).^{4 5}

(4) Spesiale aantekening: Indien jy ooit op enige manier by die okkulte betrokke was, vra ek jou om jou nou daarvan te bekeer voordat jy Jesus Christus as jou Redder aanneem. Enige okkulte aktiwiteit is sonde en moet bely word saam met alle ander sonde. Heksery, séances, swart of mit magie, nie-Christelike Oosterse godsdienste, kultusse, astrologie, die raadpleeg van fortunevertellers, Oujaborde, mediums, towenaars en spiritistiese mediums is alles afskuwelik vir God (vergeelyk Deuteronomium

18:9-12). Ek noem spesifiek hierdie dinge omdat baie mense vandag beweer hulle is Christene en tog niks verkeerd sien daarin om besig te wees met hierdie praktyke wat die Bybel sterk veroordeel nie. Sommige neem selfs daaraan deel vir “vermaak,” sonder om te beseef hulle plaas hulleself in ernstige gevaar.

- (5) Bybeltekste met meer inligting oor hoe om Jesus Christus as jou Redder aan te neem: Johannes 3:16; Efesiërs 2:8-9; Romeine 10:9-10; 1 Korintiërs 15:3-4; 1 Johannes 1:9, 4:14-16, 5:1, 12-13.
-

Kom ons bid

Jakobus 4:2 sê: “Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.” Vra Jesus om in jou hart in te kom; vra Hom om jou sondes te vergewe. Hy sal jou vergewe en Hy sal in jou gees kom woon. Jou gees sal lewend word vir God. Hier is ’n voorbeeld van ’n gebed wat jy kan bid, maar ek wil jou aanmoedig om op jou eie manier jou hart voor God uit te stort.

Vader God, ek glo dat Jesus Christus U Seun is, die Redder van die wêreld. Ek glo dat Hy aan die kruis vir my gesterf het en dat Hy al my sondes gedra het. Ek glo dat Jesus uit die dood opgewek is en nou aan U regterhand sit. Ek het U nodig, Jesus. Ek neem U aan in die geloof. Vergewe my sondes, red my, kom woon binne-in my. Ek wil weer gebore word.

As jy in opregtheid hierdie gebed gebid het:

Van harte geluk!

Jy het nou vir Jesus Christus as jou Redder aangeneem.

Jy is nou ’n nuwe mens (2 Korintiërs 5:17).

Jy staan nou in die regte verhouding met God (2 Korintiërs 5:21).

Spesiale nota: Jy hoef nie ’n emosionele belewenis met God te hê as jy Jesus Christus as jou Redder aanneem nie. Jy mag of jy mag

nie bepaalde gevoelens ervaar nie. Baie mense sê dat hulle 'n gevoel van reiniging of verligting ervaar - 'n gevoel asof 'n swaar las van hulle weggeneem is. Ek wil jou bemoedig deur jou te herinner dat die Bybel nêrens vir ons sê dat ons ons geloof op gevoelens moet baseer nie. Dit is ook nie noodsaaklik dat jy 'n bepaalde oomblik moet onthou toe jy Jesus aangeneem het nie. Jy moet egter in jou hart weet dat jy Hom as jou Redder aangeneem het.

Al vier my kinders het Christus aangeneem, maar twee van hulle sou nie vir jou die dag en datum kon gee wanneer hulle die eerste maal geglo het nie. Hulle het grootgeword en maar altyd vir Jesus geken. Ek glo bepaald dat dit God se beste plan is. Maar, dank God, Hy het ook 'n spesiale plan vir dié van ons wat nie ouers gehad het wat ons in die versorging en vermanings van die Here grootgemaak het nie.

5



'N NUWE MENS MET 'N WONDERLIKE TOEKOMS

Die Bybel leer vir ons dat as ons weer gebore word deur Christus as ons Redder aan te neem, word ons nuwe mense. 2 Korintiërs 5:17 sê vir ons:

“Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

Dit is opwindend om te besef dat ons ou morele en geestelike toestand heeltemal weggeneem word tydens die weergeboorte en dat ons die geleentheid het om nuut te begin. Ek hou daarvan om te sê dat ons dan nuwe geestelike klei word. Daar is nou eindelose moontlikhede vir ons om wonderlike lewens te hê.

Ons moet natuurlik met die Heilige Gees en sy plan vir ons lewe saamwerk. Daar is baie om te leer, maar ons verlede is ten minste begrawe deur Jesus en ons is opgewek tot ’n nuwe lewe in Hom.

“Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.”

Efesiërs 2:10

As God se oorspronklike skepping is ons bedrieg en beskadig deur die

duiwel, maar ons is in Christus Jesus nuut gemaak. God se plan vir ons is om goeie werke te doen, om sy verteenwoordigers op die aarde te wees. Hy het van die begin af hierdie soort lewe vir ons beplan en het geweier dat Satan ons sou vernietig.

God gee ons 'n nuwe hart en 'n nuwe gesindheid sodat ons uit liefde vir Hom goeie werke kan doen en nie slegs uit pligsgevoel nie. Hy wil hê dat ons goeie lewens moet lei en Hy het dit vooruit so beplan vir ons. Al wat ons hoef te doen, is om in die geloof só te leef.

Ek wil jou graag aanmoedig om te glo dat jy 'n wonderlike toekoms kan hê. Jou verlede is verby en kan nie voorskryf wat in die toekoms met jou sal gebeur nie - dit wil sê as jy nie toelaat dat dit gebeur nie. Miskien het jou lewe nie goed begin nie, maar geliefde, jou lewe vorentoe kan wonderlik wees!

Nadat ons Christus aangeneem het, woon die aard van God waarlik in ons en ons begin dinge op 'n heel ander manier doen. Ons leer om anders te dink en te praat. Ons doelstellings, gesindhede, motiewe en dade begin verander. 1 Johannes 3:9 sê:

“Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is.”

Hierdie Skrifgedeelte beteken nie dat ons nooit sonde sal doen of foute sal maak nie. Dit beteken wel dat, omdat ons nou 'n nuwe natuur (God se natuur) het, ons nie uit gewoonte, doelbewus, opsetlik kan aanhou sondig nie. Ons kan dit nie doen nie, omdat ons dit nie meer wil doen nie.

Ons natuur het verander. Jy kan eintlik sê ons het 'n hartoorplanting gehad. God het die verharde klipharte uit ons uitgehaal en vir ons harte gegee wat sensitief is en op sy aanraking reageer (Esegiël 11:19). Wanneer ons sonde doen, word ons oortuig dat ons verkeerd doen en ons wil verander. Ons soek God se vergifnis en vra vir sy hulp sodat

ons 'n heilige lewe kan lei.

Soos ek hierbo genoem het, sondig ons wel nog en maak nog foute en so sal dit wees solank ons lewe, maar ons sal ook 'n begeerte hê om te verander en die swakhede in ons lewens te oorkom. Terwyl ons God se Woord bestudeer, neem “die heerlikheid wat ons uitstraal,” steeds toe (2 Korintiërs 3:18). God verander ons - sy Gees leer ons die waarheid en leer ons om in daardie waarheid te leef. (Johannes 16:13).

Op die dag van ons nuwe geboorte begin die Heilige Gees die goeie werk in ons en Hy hou die goeie werk vol tot op die dag wanneer Christus weer kom (Filippense 1:6). Ons word steeds meer soos Jesus in ons doen en late. Wanneer ons Christus aanvaar, gee die Here onmiddellik vir ons nuwe harte en 'n nuutgemaakte gees, maar ons moet dwarsdeur on lewe daaraan werk. Kyk weer na Filippense 2:12-13.

Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

Weer eens sien ons uit die Bybel dat God 'n goeie werk in ons begin en dan moet ons met die Heilige Gees saamwerk om dit te voltooi. Ons doen dit nie uit eie krag nie; ons vertrou God, ons steun op Hom en ons glo dat Hy besig is om in ons te werk en ons help om tot sy eer te leef.

As jy Jesus Christus as jou Verlosser aangeneem het, wil ek jou aanmoedig om te glo dat jy nou 'n nuwe mens is. Pak elke dag aan en doen jou beste. As jy foute maak, erken dit en vra God om jou te vergewe. Hy is getrou en sal jou voortdurend reinig van al jou sonde.

6



EK HET CHRISTUS AS MY REDDER AANGENEEM. WAT MOET EK NOU DOEN?

Groei

Noudat jy Jesus Christus as jou Redder aangeneem het, is dit noodsaaklik dat jy as Christen sal *groei*. Jy het die nuwe geboorte ervaar, dus is jy eintlik 'n Babachristen. God begeer dat jy sal groei en volwasse sal word - 'n volgroeide gelowige wat leef volgens God se wil, iemand wat die Woord van God ken en wat weet hoe om God se stem te hoor.

Leer die Woord Ken

Dit sal nie gebeur nie tensy jy die Woord (die Bybel) lees en bestudeer. Jou gees en siel (jou innerlike) moet gevoed en versorg word sodat hulle sterk kan word. Hulle het ook oefening nodig. Net soos jou liggaam kos en oefening nodig het om sterk en gesond te bly, so het jou gees en siel ook dieselfde dinge nodig.

Vra God om jou te lei na 'n goeie kerk waar jy kan begin om meer te leer van sy Woord. Begin om die Bybel te lees. Daar is vandag baie moderne vertalings beskikbaar wat dit makliker maak om die Bybel te verstaan. Stap in by 'n Christelike boekwinkel en kies een. Wanneer jy begin om die Bybel te lees, vra die Heilige Gees (God se Gees) om jou te help om te verstaan wat jy lees.

Oefen

Die Word van God (die Bybel) is die geestelike voedsel wat jy nodig het. *Geestelike oefening* bestaan uit dinge soos gebed, sang, lof aan God, om die Woord te bely, om te dink oor God se goedheid, om na te dink oor die Woord, om te gee en om gemeenskap te hê met ander Christene.

Bid

Wanneer jy jou nuwe lewe met God begin, praat met Hom. Hy is *altyd* by jou. Jy sal nooit weer alleen wees nie. In sy Woord het hy gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” (Hebreërs 13:5). Jy hoef nie meer soos in die verlede met dinge te worstel nie. Vra die Here om jou met alles wat jy doen, te help. Hy is jou nuwe Vennoot in die lewe. Die Heilige Gees word in die Bybel “die Voorspraak” genoem (Johannes 14:16).

Jy mag opgemerk het dat ek na die Vader (God), die Seun (Jesus) en die Heilige Gees verwys het. Net om seker te maak dat ek nie besig is om jou te verwar nie, wil ek jou herinner daaraan dat jy nou een God, die drie-enige God, God die drie-eenheid dien en dat elkeen van die drie Persone van die Godheid ’n spesiale aandeel het aan jou daaglikse lewe.

Bid tot die Vader in Jesus se naam deur die krag en leiding van die Heilige Gees wat nou binne-in jou woon en jou in die teenwoordigheid en werklikheid van die Vader en die Seun bring.

Die Doop met Water

Jy sal so gou as moontlik gedoop moet word. Moenie dit enigsins langer uitstel as wat nodig is nie. Die Bybel leer ons dat ’n mens gedoop moet word nadat jy vir Jesus as Heer en Redder aangeneem het.

Doop beteken om “in water te onderdompel”. Gewoonlik staan ’n geestelike leier jou by en bid vir jou wanneer jy onder die water

ingaan en weer boontoe gebring word.

Hierdie aksie simboliseer die begrafnis van die ou lewenswyse en is 'n sigbare teken daarvan dat jy jou besluit om vir God te leef openlik bekend maak. Romeine 6 leer vir ons dat ons deur die doop “saam met Hom in sy dood begrawe” is sodat, soos Hy deur die Vader “uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.”

Weer eens, die doop met water is 'n sigbare teken dat jy 'n besluit geneem het om Jesus te volg. Hy is nou jou Here. Jy begrawe met die doop jou ou, sondige lewenswyse en verbind jou om te leer om op 'n nuwe manier te leef. Die Bybel sê dat deur Jesus se dood en opstanding is daar nou vir ons “'n weg wat nuut is en na die lewe lei.” (Hebreërs 10:20).

Jy moet *toegewyd* wees aan hierdie nuwe pad en aan hierdie nuwe beginsels, anders sal die duiwel sorg dat jy weer terugval. 1 Petrus 3:21 sê die doop “red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.” Dit sê dat jy demonstreer wat jy glo aan jou behoort in Jesus Christus.

As jy as baba gedoop is soos baie ander, as 'n godsdienstige formaliteit, stel ek voor dat jy voortgaan en jou weer laat doop. Nou kan jy verstaan wat dit beteken en kan deur jou geloof beoefen wat die Bybel oor die doop sê.

Formele handeling soos die doop beteken niks as daar nie ware geloof betrokke is nie. Godsdienstige werke is die mens se idee van wat God van ons verwag - 'n formele stelsel van mensgemaakte leerstellings (party volgens God se Woord en gewoonlik party nie) wat reëls en regulasies bevat wat ons moet volg ten einde God tevrede te stel. Hierdie stelsel bring nie nuwe innerlike lewe nie en dit veroorsaak dat mense goeie werke doen in die vlees om God te probeer behaag.

Mense begin om kerklike reëls na te volg - iets wat op sigself reg is, maar as hulle vir die betrokke persone geen betekenins het nie, is die

reëls sinneloos. Maar nou dat jy 'n lewende verhouding met God deur Jesus het, kan jy gedoop word en dit sal van betekenis wees omdat geloof teenwoordig is.

Om God se Woord te leer ken, om te bid en om gedoop te word, is almal maniere waarop jy jou nuwe geloof in Jesus Christus openlik verklaar.

7



IS DAAR NOG IETS ANDERS?

Ja! Daar is nog een baie belangrike ding wat jy moet weet. Daar is nog 'n ander seën vir jou beskikbaar. Die Bybel noem dit die “doop met die Heilige Gees.” Die Bybel vertel vir ons dat Jesus mense met die Heilige Gees en vuur gedoop het. (Matteus 3:4-6, 11)

In Handeling 1:8 het Jesus oor hierdie doop met die Heilige Gees gepraat. Hy het gesê dat ons krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons kom, en hierdie krag sal meebring dat ons ander mense van Hom sal vertel.

Toe jy Jesus ontvang het, het jy die Heilige Gees in jou menslike gees ontvang. Die doop met die Heilige Gees is 'n volmaakproses. Hy vul jou en jy bly in Hom. Dit is soos om te vra dat die Gees jou geheel en al sal vul met die krag en vermoë om die Christelike lewe te lei en God te kan dien volgens sy wil.

Die Griekse woord “*dunamis*” wat in Handeling met “krag” vertaal word, beteken “bonatuurlike krag, vermoë, mag en sterkte.”⁶ Wonder-werkende krag!

(6) James Strong, “Greek Dictionary of the New Testament,” *The Exhaustive Concordance of the Bible* (McLean, Va.: MacDonald Publishing, 1978), 24.

Vra jouself af: *Het ek krag, vermoëns, sterkte en wonderwerke in my lewe nodig?* As jou antwoord ja is, dan is dit nodig dat jy met die Heilige Gees gedoop sal word.

Skryfverwysings In Verband Met Die Doop Met Die Heilige Gees

- “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” (Handelinge 1:8).
- “Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. (Handelinge 2:1-4).
- “Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.” (Handelinge 8:17).
- “Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het. Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie.” (Handelinge 10:44-46).
- “Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer.” (Handelinge 19:6).

Ongewone Tale of Klanke

Jy het waarskynlik opgelet dat mense “ongewone tale of klanke” gebruik het toe die Heilige Gees op hulle gekom het.

Dit beteken ’n ander taal as hulle eie gewone taal. Dit kon ’n taal wees wat wel aan ander mense bekend was, maar nie aan die spreker nie, of ’n taal van engele (’n taal onbekend aan enige mens) (1 Korintiërs 13:1). Die beste en maklikste manier om hierdie ongewone tale te beskryf, is om te sê dat dit ’n geestelike taal is, een wat die Heilige Gees verkies om deur jou te praat, maar wat jy nie ken nie. Dit is die Heilige Gees wat deur jou direk met God praat.

Daar word gepraat van ongewone tale as ’n bonatuurlike “verskynsel.” Dit beteken dat ons dit nie met ons verstand begryp nie. Dit is ’n geestelike saak. As jy in ongewone tale bid, is jy besig om van geheime en misteries met God te praat (1 Korintiërs 14:2).

Paulus sê in 1 Korintiërs 14:14 “As ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie.” In 14:14 sê Paulus dat as jy in ongewone tale of klanke bid, jy jouself geestelik opbou.

Om in ongewone tale te bid, is een manier om seker te wees daarvan dat jy ’n volmaakte gebed kan bid wanneer jy in ’n situasie is waarin jy nie weet hoe jy behoort te bid nie. Romeine 8:26 sê:

“Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.”

Om in die Gees te bid of in tale te praat, versterk jou gees. Dit bou jou geestelik op. Judas 1:20 sê:

“Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.”

Die Oplê Van Hande

Jy kan ook die Heilige Gees ontvang deurdat iemand sy hande op jou lê en vir jou bid.

Deur Geloof

Lukas 11:13 sê:

“As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee—die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”

Vra dus. Jy mag self vir God vra.

Die Heilige Gees Mag Uit Eie Beweging Na Jou Toe Kom.

Ek het die doop met die Heilige Gees in Februarie 1976 in my motor ontvang as ’n eiemagtige daad van God in my lewe. Ek het op daardie oomblik uitgeroep en God gevra vir meer van Hom in my lewe. Ek het gesê: “Here, om ’n Christen te wees, moet meer inhou as wat ek op die oomblik ervaar.” Ek wou oorwinning oor my probleme ervaar en ek het nie.

Ek het Christus as my Redder aangeneem baie jare voordat ek die doop met die Heilige Gees ontvang het. Ek was gered en sou hemel toe gegaan het as ek toe gesterf het en tog het die krag in my lewe ontbreek om ’n seëvierende Christelike lewe te lei. Daardie oggend het ek desperaat uitgeroep na God en daardie selfde aand het Jesus my met die Heilige Gees gedoop.

Ek het nie onmiddellik in ongewone tale gepraat nie (hoofsaaklik omdat ek niks van sulke dinge geweet het nie). Ek het egter baie krag, vermoëns, vasberadenheid en begrip ontvang. Gedurende die daaropvolgende drie weke het God my na radioprogramme en boeke gelei waar ek kennis gemaak het met die doop met die Heilige Gees.

Aanvanklik het ek nie geweet wat met my gebeur het nie. Ek het net geweet dit was wonderlik en dat dit van God gekom het. Toe het ek kennis gemaak met die gawe van praat in ongewone tale en ek het God daarvoor gevra en dit ontvang.

Hoe Om Die Gawe Van Ongewone Tale Te Ontvang

Vra God om jou te vul en te doop met die Heilige Gees. Bid eenvoudig: “Vader, in Jesus se naam vra ek U om my met die Heilige Gees te doop met die sigbare bewys daarvan dat ek in ongewone tale sal praat.”

Wees ontspanne en gemaklik in God se teenwoordigheid. Hy het jou lief en wil vir jou sy beste gawes gee. Wag rustig op Hom en glo jy sal ontvang. Glo voordat jy enige verandering voel. Jy mag miskien voel dat daar ’n verandering plaasvind, maar dis moontlik dat jy niks voel nie. Moenie dat jou gevoelens jou lei nie; laat jou lei deur God se beloftes.

Om in tale te praat, moet jy jou mond oopmaak en as die Gees dit aan jou gegee het om in ander tale te praat, spreek uit dit wat jy hoor opkom uit jou binneste. *Dit sal nie uit jou verstand kom nie.* Onthou, jou verstand begryp nie geestelike dinge nie. Daarom is dit so moeilik vir baie mense. Ons is gewoond daaraan dat ons verstand ons lewens reël. Hierdie hele boek gaan juis daaroor dat ons sal leer om geestelik te lewe en nie verstandelik nie.

Jy sal lettergrepe, woode, sinsnedes of ander klanke wat vir jou buitengewoon of vreemd klink, hoor of aanvoel. Neem ’n tree in die geloof en spreek hulle uit, sê hulle hardop. Handeling 2:4 sê: “Hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.”

Jy mag nou hierdie taal (wat sal groei soos jy groei en soos jy die gawe gebruik) gebruik elke keer as jy bid of slegs om jouself geestelik op te bou. Moenie in tale praat tussen mense wat nie verstaan nie. Wanneer ongewone tale in ’n erediens voortgebring word, moet dit verduidelik of verklaar word.

Geniet jou nuwe lewe in die Heilige Gees?

HET JY DIE REGTE BESLUIT GENEEM?

As jy vir Jesus of die doop met die Heilige Gees ontvang het omdat jy hierdie boek gelees het, skakel ons asseblief of skryf en laat ons weet. Ons wil graag vir jou bid en saam met juig en bly wees.



Glimlag!

JESUS HET JOU LIEF!

GEBED VAN VERLOSSING



Jesus is lief vir jou en hy wil hê dat ons 'n persoonlike verhouding met hom moet hê. As jy nog nie vriendskap gelsuit het met Jesus nie en jy wil hom aanneem as jou persoonlike saligmaker, kan jy vandag besluit. Open julle harte en bid hierdie gebed.

Here, ek weet dat ek 'n sondaar is gered uit genade. Vergewe my. Reining my. Ek belowe dat ek my volle vertroue in Jesus die Seun van God sit. Ek glo dat U gesterf het vir my sondes op die kruis. En dat U opgestaan het sodat ons kan lewe en oorwinning het. Ek gee my lewe oor in U hande.

Dankie Jesus, vir die verfgifnis van ons sonde en vir ewige lewe. Help ons om meer as oorwinnaars te lewe vir U, in Jesus naam, Amen.

Soos jy van jou hart gebid het, het God jou ontvang, jou gereinig en jou vrygemaak van die slawerny van die geestelike dood. Neem die tyd om hierdie Skrifte te lees en te bestudeer en vra God om met jou te praat soos jy met hierdie reis in jou nuwe lewe saam met Hom wandel.

Johannes 3:16

1 Korintiërs 15:3-4

Efesiërs 1:4

Efesiërs 2:8-9

1 Johannes 1:9

1 Johannes 4:14-15

1 Johannes 5:1

1 Johannes 5:12-13

Bid en vra Hom om jou te help om 'n goeie Bybelgelowige kerk te vind, sodat jy aangemoedig kan word om in jou verhouding met Christus te groei. God is altyd by jou. Hy sal jou eendag op 'n slag lei en wys hoe om die oorvloedige lewe wat Hy vir jou het, te leef!

OOR DIE SKRYWER



Joyce Meyer verkondig die Woord van God sedert 1976 en beoefen 'n voltydse bediening sedert 1980.

Sy is die trefferskrywer van meer as sewentig inspirerende boeke soos *Approval addiction*, *In Pursuit of Peace*, *How to Hear from God*, en *Battlefield of the Mind*. Sy het ook duisende lesings op klankkassette opgeneem sowel as 'n volledige videoteek.

Joyce se *Enjoying Everyday Life* radio- en televisieprogramme word wêreldwyd uitgesaai en sy reis gereeld om konferensies te lei. Joyce en haar eggenoot, Dave, het vier volwasse kinders en woon in St. Louis, Missouri.